22 Januarie 2026

**Die Munisipale Bestuurder**
**Mnr. Obakeng Isaacs**
**Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit**
**Keimoes**

Per e-pos: mm@kaigarib.gov.za

**In sake: Versoek om openbaarmaking van kontrakte: uitgekontrakteerde dienste**

Geagte Mnr. Isaacs

Die Kakamas Belangegroep rig hiermee 'n formele versoek aan u kantoor om toegang te verkry tot dokumentasie rakende die aanstelling en kontraktering van bepaalde uitkontrakteerde dienste deur die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit, soos weerspieël in die munisipaliteit se geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

By die bestudering van die finansiële state, spesifiek "Nota 34: Contracted services", het dit onder die aandag van die Belangegroep gekom dat wesenlike bedrae gedurende die 2024/25-finansiële jaar bestee is aan die volgende uitgekontrakteerde dienste:

- Sewerage services (riolering)
- Water tanker services (waterwaens)
- Cleaning services (skoonmaakdienste)
- Refuse removal services (vullisverwydering)

Hierdie dienste raak kern munisipale funksies en het direkte implikasies vir openbare gesondheid, dienslewering en finansiële bestuur. Ingevolge die *Local Government: Municipal Finance Management Act 56 of 2003* (MFMA) en die algemene beginsels van deursigtigheid en aanspreeklikheid, moes die betrokke kontrakte en verkrygingsprosesse reeds openbaar beskikbaar gewees het.

Die Belangegroep versoek hiermee dat die volgende dokumentasie elektronies aan ons verskaf word vir elk van die bogenoemde dienskategorieë:

1. Verkrygingsproses
    - Die metode van verkryging wat gevolg is (bv. oop tender, kwotasieproses, noodverkryging of afwyking van SCM-prosedures).
    - Die datum van goedkeuring van die aanstelling.
    - Die relevante verwysings- of tendernommer(s).
2. Kontraktuele dokumente

- ’n Volledige afskrif van die ondertekende diensvlakooreenkoms of kontrak.
- Enige addenda, wysigings, verlengings, variasie-opdragte of aanvullende ooreenkomste wat op die kontrakte van toepassing is.

3. Kontrakbestuur

- Die duur van die kontrakte en totale kontrakwaarde.
- Die naam en posbenaming van die verantwoordelike amptenaar belas met die bestuur en monitering van elke kontrak.

Hierdie versoek word gerig in die lig van die munisipaliteit se statutêre openbaarmakingsverpligtinge ingevolge die MFMA, en moet nie beskou word as ’n buitengewone of diskresionêre versoek nie, maar as ’n versoek om nakoming van bestaande regsverpligtinge.

Die Belangegroep versoek dat bogenoemde dokumente en inligting nie later nie as Vrydag, 6 Februarie 2026 aan ons verskaf word.

Indien enige van die versoekte dokumente nie beskikbaar is nie, versoek ons dat ’n skriftelike uiteensetting voorsien word waarin die redes vir sodanige onbeskikbaarheid verduidelik word, asook die stappe wat geneem word om die situasie reg te stel.

Hierdie versoek word te goeder trou gerig, met die oog op deursigtigheid, openbare aanspreeklikheid en konstruktiewe betrokkenheid tussen die munisipaliteit en die gemeenskap wat dit dien. Die Belangegroep vertrou dat u kantoor hierdie aangeleentheid met die nodige erns en spoed sal hanteer.

Ons sien uit na u terugvoer binne bogenoemde tydraamwerk.

Die uwe

Kakamas Belangegroep
per
Jaco Visser
Woordvoerder
Kontakbesonderhede: kakamasbelangegroep@gmail.com



NOTE: The Kakamas Belangegroep, a member-driven organisation, was founded in November 2017 with its primary aim of holding the local municipality accountable to its Constitutional and legal obligations towards its citizens and to act in the best interest of all inhabitants of the Kai !Garib Local Municipality.